**Plak asseblief die strepieskode hier**

**TOTALE PUNTE**

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

# VERBRUIKERSTUDIES

**EKSAMENNOMMER**

Tyd: 3 uur 200 punte

## LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 32 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel word in vier afdelings verdeel:

   **AFDELING A:** Voedsel en Voeding en Verbruikerverwante Kwessies
   **AFDELING B:** Kleding en Verbruikerverwante Kwessies
   **AFDELING C:** Behuising en Interieur en Verbruikerverwante Kwessies
   **AFDELING D:** Uitgebreide Skryfrespons
3. Lees die vrae noukeurig deur.
4. Beantwoord AL die vrae op die vraestel en handig dit aan die einde van die eksamensessie in. Onthou om jou eksamennommer in te vul in die spasie wat op die vraestel voorsien word.
5. Die punte wat aan elke vraag toegeken word, dui die detail aan wat verlang word.
6. Sakrekenaars mag gebruik word.
7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
8. Een blanko bladsy (bladsy 32) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Gebruik hierdie bladsy as jy nie genoeg spasie het om 'n vraag te voltooi nie. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan as jy hierdie ekstra spasie gebruik.

## Toekenning van punte

| Vraag | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Punte | 19 | 11 | 29 | 11 | 9 | 23 | 18 | 30 | 11 | 19 | 20 | **200** |
| Behaal | | | | | | | | | | | | |
| Moderering | | | | | | | | | | | | |
| Gekontroleer | | | | | | | | | | | | |
| Hernasien | | | | | | | | | | | | |

*N12CONS-1-A*

IEB Copyright © 2025

## AFDELING A VOEDSEL EN VOEDING EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

***Bestee ongeveer 60 minute aan hierdie afdeling.***

### VRAAG 1

1.1 Pas elke voedselbymiddel in Kolom A by die soort voedselbymiddel in Kolom B en sy funksie in Kolom C.

Skryf slegs die letter (A–H) van Kolom B en die Romeinse syfer (i–viii) van Kolom C in die spasie wat hieronder voorsien word, bv., 1.1.8 I, iv.

| **Vraag** | 1.1.1 | 1.1.2 | 1.1.3 | 1.1.4 | 1.1.5 | 1.1.6 | 1.1.7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Antwoord Kolom B** | | | | | | | |
| **Antwoord Kolom C** | | | | | | | |

| **Kolom A Voedselbymiddel** | | **Kolom B Soort voedselbymiddel** | | **Kolom C Funksie** | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Tartrasien | A | Antioksidant | i | Laat water en olie in mayonnaise gemeng bly. |
| 1.1.2 | Kalsium-peroksied | B | Kunsmatige preserveer-middel | ii | Verseker 'n egalige tekstuur en verbeterde voorkoms in konfyt. |
| 1.1.3 | Lesitien | C | Bleikmiddel | iii | Die oksideermiddel wat in koekmeel gebruik word. |
| 1.1.4 | Pektien | D | Kleurmiddel | iv | Voorkom dat vette en olies galsterig word in margarien. |
| 1.1.5 | Natriumbensoaat | E | Emulgent/ Emulsifiseerder | v | Verskaf 'n soet smaak aan suikervrye produkte soos kougom. |
| 1.1.6 | Vitamien E | F | Geurversterker | vi | Stimuleer die smaakknoppies, maar het self geen spesifieke smaak nie. |
| 1.1.7 | Mononatrium glutamaat (MSG) | G | Stabiliseerder | vii | Sintetiese geel voedselkleursel wat in geel lekkers gebruik word. |
| | | H | Versoeter | viii | Word gebruik om die groei van muf in vrugtesap te voorkom. |

(14)

IEB Copyright © 2025

1.2 Bestudeer die lys hieronder en identifiseer **vyf** riglyne vir die hantering van Tipe II-Diabetes. Skryf slegs die hoofletters in die spasie wat voorsien word.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

A Eet gereeld klein maaltye.

B Vermy kossoorte wat askorbiensuur bevat.

C Vermy verfynde suikers.

D Vermy drankies wat tannien bevat tydens etes.

E Eet kos wat maer proteïene bevat.

F Eet hoë-GI-kos.

G Eet lae-GI kos.

H Kies onversadigde vette.

I Maak seker dat kos organies is.

J Prioritiseer kos wat nie-heemyster bevat.

K Prioritiseer laeveselvoedsel. (5)

**[19]**

IEB Copyright © 2025

## VRAAG 2

Bestudeer die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Lesedi weeg 48 kg en is 1,65 m lank. Sy toon die volgende fisiese- en gedragsimptome:

- Hardlywigheid
- Duiseligheid en floutes
- Sensitiwiteit vir koue
- Verwronge liggaamsbeeld
- Oormatige oefening

[Eksaminator se teks]

2.1 Bereken Lesedi se LMI.

(2)

2.2 Klassifiseer Lesedi se LMI.

(1)

2.3 Identifiseer die toestand waaraan Lesedi ly.

(1)

IEB Copyright © 2025

2.4 Noem 'n biologiese, sielkundige en omgewingsfaktor wat oorsake van Lesedi se toestand is.

| | | |
|---|---|---|
| 2.4.1 Biologiese faktor | | (1) |
| 2.4.2 Sielkundige faktor | | (1) |
| 2.4.3 Omgewingsfaktor | | (1) |

2.5 Maak 'n lys van **vier** riglyne vir die bestuur van Lesedi se toestand.

(4)
**[11]**

IEB Copyright © 2025

## VRAAG 3

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## BRON A

**Die Suid-Afrikaanse Departement van Basiese Onderwys se Nasionale Skoolvoedingsprogram**
Die NSVP poog om die leerkapasiteit van leerders te verbeter deur die voorsiening van gesonde maaltye by skole. Skole word ook aangemoedig om voedseltuine te vestig waaruit hulle vars produkte (groente/vrugte) verkry om die spyskaart aan te vul in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Voedselgebaseerde Dieetriglyne. Leerders, onderwysers en ouers word voorsien van vaardighede om hul eie voedsel te kweek, wat bydra tot langtermyn huishoudelike voedsel-sekuriteit. Die tuine word ook as 'n onderrig- en leerhulpbron gebruik.

*Waaruit bestaan 'n skoolmaaltyd?*
Proteïen (Soja, vis, eiers, melk, suurmelk, bone en lensies), vars vrugte en groente, koolhidrate/stysel. 'n Verskeidenheid proteïene word weekliks voorsien. Soja moet nie meer as twee keer per week voorsien word nie. Vette/olie, sout en geurmiddels word bygevoeg om die etes smaaklik te maak. Vars groente of vrugte moet daagliks voorsien word.

[Bron: <https://www.education.gov.za/Programmes/NationalSchoolNutritionProgramme.aspx>]

## BRON B

**Suid-Afrikaanse Voedselgebaseerde Dieetriglyne, gepubliseer in 2012**

1. Geniet 'n verskeidenheid kossoorte.
2. Wees aktief!
3. Maak kos ryk aan stysel deel van die meeste maaltye.
4. Eet elke dag baie groente en vrugte.
5. Eet gereeld droëbone, gesplete ertjies, lensies en soja.
6. Verbruik elke dag melk, maas of jogurt.
7. Vis, hoender, maer vleis of eiers kan daagliks geëet word.
8. Drink baie skoon, veilige water.
9. Gebruik vette spaarsamig. Gebruik eerder plant-olies as harde vette.
10. Gebruik suiker en kos en drankies met 'n hoë suikerinhoud spaarsamig.
11. Gebruik sout en kos met 'n hoë soutinhoud spaarsamig.

3.1 Verduidelik die pilare van voedselsekerheid soos dit verband hou met die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP).

3.1.1 Beskikbaarheid:

_____

_____

_____

_____

(1)

IEB Copyright © 2025

3.1.2 Toeganklikheid:

(1)

3.1.3 Gebruik:

(1)

3.1.4 Stabiliteit:

(1)

3.2 Verwys na Bron A. Behalwe melk, identifiseer **drie** ander allergene teenwoordig in die kos wat vir kindermaaltye gebruik word.

(3)

IEB Copyright © 2025

3.3 Vergelyk 'n melkallergie en laktose-intoleransie met betrekking tot die volgende aspekte:

| | **Melkallergie** | **Laktose-intoleransie** |
|---|---|---|
| Immuunstelsel-reaksie of spysverteringstel-selreaksie. | 3.3.1 (1) | 3.3.2 (1) |
| Verduidelik die oorsaak van die reaksie. | 3.3.3 (1) | 3.3.4 (2) |

3.4 Verwys na Bron A en B. Identifiseer **twee** probiotiese voedselsoorte wat genoem word en verduidelik hoekom dit as probiotika beskou word.

(4)

IEB Copyright © 2025

3.5 Verwys na Bron B. Identifiseer die mees waarskynlike Suid-Afrikaanse voedsel-gebaseerde dieetriglyn wat gemik is op die voorkoming en/of hantering van elk van die voedselverwante gesondheidstoestande hieronder. Motiveer elke keuse.

3.5.1 Koronêre hartsiekte

| | |
|---|---|
| Suid-Afrikaanse voedselgebaseerde dieetriglynnommer: | |

(5)

3.5.2 Hipertensie

| | |
|---|---|
| Suid-Afrikaanse voedselgebaseerde dieetriglynnommer: | |

(3)

3.5.3 Osteoporose

| | |
|---|---|
| Suid-Afrikaanse voedselgebaseerde dieetriglynnommer: | |

(5)
**[29]**

IEB Copyright © 2025

## VRAAG 4

4.1 Beoordeel die mate waarin die stelling, "gastro-enteritis kan die mikrobioombalans wysig", waar is.

(5)

4.2 Gee **drie** aanbevelings, met verduidelikings, om die derm-mikrobioombalans ná gastro-enteritis te verbeter.

(6)
**[11]**

**70 punte**

IEB Copyright © 2025

## AFDELING B KLEDING EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

***Bestee ongeveer 40 minute aan hierdie afdeling.***

### VRAAG 5

5.1 Gee **een** term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term in die spasie wat voorsien word.

5.1.1 Aanvaarding van 'n spesifieke styl deur 'n groot groep mense op 'n spesifieke plek en 'n spesifieke tyd.

_____

(1)

5.1.2 'n Verbygaande modeneiging, dikwels gekenmerk deur sy uiterste styl, word vinnig deur 'n klein groepie verbruikers aanvaar voordat dit vervaag.

_____

(1)

5.1.3 Bekostigbare klere, vinnig ontwerp en vervaardig vir die massas, dikwels van swak gehalte en bedoel vir wegdoening na een seisoen.

_____

(1)

5.1.4 Eenvoudige, tydlose ontwerpe wat by die meeste mense pas en vir baie seisoene duur.

_____

(1)

5.1.5 Eksklusiewe, oorspronklike ontwerpe, geskep om modeverandering te inspireer. Gekenmerk deur hoë koste as gevolg van unieke ontwerp, kwaliteit en vakmanskap.

_____

(1)

5.2 Verduidelik die volgende **twee** belastings in die konteks van die klerebedryf.

5.2.1 Invoerbelasting

_____

_____

_____

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2025 

5.2.2 BTW/Belasting op Toegevoegde Waarde

(2)
**[9]**

## VRAAG 6

6.1 Noem en beskryf die **vyf** fases van die modesiklus in die korrekte volgorde.

(11)

IEB Copyright © 2025

6.2 Evalueer die mate waarin globalisering die modebedryf beïnvloed het.

(6)

6.3 Ontleed hoe selfkonsep die keuse van klere onder tieners beïnvloed.

(6)
**[23]**

## VRAAG 7

7.1 Maak 'n lys van **vyf** noodsaaklike items wat in 'n klerekas ingesluit moet word om 'n basiese werksuitrusting saam te stel.

(5)

IEB Copyright © 2025

7.2 Noem **vyf** belangrike riglyne om in ag te neem wanneer klere vir 'n werksonderhoud gekies word.

(5)

7.3 Bespreek die voordele om aan 'n kleredragkode van 'n maatskappy te voldoen.

(4)

IEB Copyright © 2025 

7.4 Jou maatskappy is in die proses om nuwe korporatiewe drag te ontwerp. Stel **vier** kriteria voor om te verseker dat 'n volhoubare hemp ontwerp word.

(4)
**[18]**

**50 punte**

IEB Copyright © 2025

## AFDELING C BEHUISING EN INTERIEUR EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

***Bestee ongeveer 40 minute aan hierdie afdeling.***

### VRAAG 8

Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Maryam, 'n jong apteker en entoesiastiese fietsryer, is op soek na haar eerste huis. Sy beplan om 'n eiendom met die bystand van 'n eiendomsagent te koop. Die eiendomsagent bied die volgende eiendom aan vir oorweging:

***Vrystaande huis te koop***
*Geleë in 'n boomryke gesinsvriendelike voorstad. Ruim kombuis, waskamer, groot oopplan eet- en sitkamer, 4 slaapkamers, 4 badkamers, 2 motorhuise en 2 afdakke. Eiendomsbelasting: R2 080 per maand. Koopprys R 2,2 miljoen.*

Hierdie eiendom is 40 minute se pendel van Maryam se werkplek af en 10 minute van 'n bergfietspark af geleë. Die woonbuurt het een klein kruidenierswinkel en een restaurant.

Maryam het 'n deposito van R100 000 gespaar asook voldoende fondse vir alle prokureursfooie en ander bykomende kostes.

[Eksaminator se teks]

8.1 Kies **drie** voordele van die koop van 'n huis uit die lys hieronder. Skryf slegs die letters (A–G) in die spasie wat voorsien word.

| | | |
|---|---|---|
| | | |

A Dit kan as sekuriteit vir 'n lening gebruik word.

B Dit is 'n bate.

C Dit vereis geen aanvanklike belegging nie.

D Dit bied verblyfsekerheid.

E Dit waarborg vinnige waardevermeerdering.

F Die eienaar is nie vir instandhouding verantwoordelik nie.

G Dit is nie nodig om versekering te betaal nie. (3)

IEB Copyright © 2025 

8.2 Bestudeer die stellings hieronder wat verband hou met die finansiële verantwoordelikhede van die aankoop van 'n eiendom. Sê of elke stelling waar of onwaar is. Korrigeer die term wat **vetgedruk** is vir elke **onwaar stelling**. Moenie die hele stelling oorskryf nie.

8.2.1 Lenings word in **maandelikse** paaiemente terugbetaal.

_____

8.2.2 Die **transportbesorgersfooi** is 'n staatsbelasting betaalbaar wanneer eiendomsbesit van die verkoper na die koper oorgedra word.

_____

8.2.3 'n **Aanvangsfooi** is 'n eenmalige fooi wat deur die bank gehef word vir die verwerking van die huisleningaansoek en die opstel van die huislening-rekening.

_____

8.2.4 **Tussentydse rente** is die rente wat op die huisleningrekening gehef word nadat die verband geregistreer is en voor die eerste paaiement van die lening.

_____

8.2.5 **Verbandbeskermingsversekering** is termynversekering wat die eiendom teen strukturele skade weens brande, vloede en natuurrampe beskerm.

_____

8.2.6 Eiendomsbelasting is aan die **SAID** betaalbaar.

_____

(9)

8.3 Identifiseer die soort eienaarskap in die scenario op die vorige bladsy.

_____

(1)

8.4 8.4.1 Dui die standaard leningsbedrag aan waarvoor Maryam aansoek sal doen.

_____

(1)

8.4.2 Maak 'n lys van **vier** dokumente wat 'n bank sal benodig vir die toestaan van lenings.

_____

_____

_____

_____

(4)

IEB Copyright © 2025

8.5 8.5.1 Is Maryam of die verkoper verantwoordelik om die eiendomsagent vir hul diens te betaal?

(1)

8.5.2 Beskryf die dienste wat die eiendomsagent aan Maryam, die koper, verskaf.

(5)

8.6 Evalueer die geskiktheid van die eiendom vir Maryam.

(6)
**[30]**

## VRAAG 9

9.1 Definieer inflasie.

(2)

9.2 Verduidelik wat die Verbruikersprysindeks (VPI) is.

(3)

IEB Copyright © 2025

9.3 Stel maniere voor waarop verbruikers hul behuisingsverwante begroting beter kan bestuur te midde van stygende inflasiekoerse.

(6)
**[11]**

## VRAAG 10

10.1 Pas die verbruikersregte in Kolom B by die beskrywings in Kolom A. Skryf slegs die letter (A–F) van Kolom B in die spasie wat hieronder voorsien word, bv., 10.1.6 – G.

| Vraag | 10.1.1 | 10.1.2 | 10.1.3 | 10.1.4 | 10.1.5 |
|---|---|---|---|---|---|
| Antwoord Kolom B | | | | | |

| **Kolom A Die reg …** | | **Kolom B Verbruikersregte** | |
|---|---|---|---|
| 10.1.1 | om teen bedrieglike skemas en aanbiedings beskerm te word. | A | Die reg om te kies. |
| 10.1.2 | om 'n vastetermynooreenkoms te kanselleer of te hernu. | B | Die reg op openbaarmaking van inligting. |
| 10.1.3 | op die openbaarmaking van pryse van goedere en dienste. | C | Die reg tot regverdige en eerlike handel. |
| 10.1.4 | op geïmpliseerde waarborg van kwaliteit. | D | Die reg tot billike waarde, goeie gehalte en veiligheid. |
| 10.1.5 | om enige tyd direkte bemarking stop te sit. | E | Die reg op privaatheid. |
| | | F | Die reg op beskerming teen diskriminerende bemarkings-praktyke. |

(5)

IEB Copyright © 2025

10.2 Vergelyk 'n afbetalingsverkooptransaksie met 'n bêrekooptransaksie.

| Afbetalingsverkooptransaksie | Bêrekooptransaksie |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |

(8)

IEB Copyright © 2025

10.3 Ontleed die omgewingsimpak van die wasmasjien wat hieronder aangedui word.

| **Soort** | **Voorlaai wasmasjien** |
|---|---|
| Kapasiteit/grootte | 10 kg (groter as gemiddeld) |
| Energiegradering | A+++ |
| Waterverbruik | 45 L |
| Spindroog werkverrigting | A**B**CDEFG |
| Dienswaarborg | 5-jaar waarborg |

(6)
**[19]**

**60 punte**

IEB Copyright © 2025

## AFDELING D UITGEBREIDE SKRYFRESPONS

***Bestee ongeveer 30 minute aan hierdie afdeling.***

### VRAAG 11

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

| |
|---|
| Volwassenes met MIV kan voedingstekorte ontwikkel as gevolg van verminderde eetlus, probleme om te eet en verswakte absorpsie van voedingstowwe. Wanvoeding kan 'n beduidende rol speel in verlaagde immuniteit teen infeksies. Daarteenoor kan goeie voeding immuunfunksie by mense met MIV versterk, en sodoende lewenskwaliteit verbeter en die oorgang van MIV na VIGS vertraag. |

| |
|---|
| As gevolg van laer immuunweerstand het mense met MIV of VIGS 'n verhoogde risiko van voedselvergiftiging. Hierdie mense moet baie waaksaam wees oor voedselveiligheid om 'n voedseloordraagbare siekte te voorkom. As 'n MIV-positiewe persoon siek word van voedselvergiftiging, is die waarskynlikheid van hospitalisasie en selfs die dood groter. |

[Bron: <https://www.healthdigest.com/1190372/foods-to-reach-for-when-you-have-hiv/>]

Ontwikkel 'n omvattende voeding- en voedselveiligheidsprogram wat saamgestel is vir individue wat met MIV/VIGS saamleef.

Jou program moet die volgende insluit:

- **'n Gedetailleerde aandete-maaltydplan:** Skep 'n voorbeeld van 'n aandete wat noodsaaklike voedingstowwe verskaf wat voordelig is vir individue met MIV/VIGS. Verduidelik die belangrikheid van elke voedselitem se voedingstowwe met spesifieke verwysing na die beheer van MIV/VIGS.
- **Voedselveiligheidstrategieë:** Bespreek kortliks spesifieke voedselveiligheids-maatreëls wat getref moet word om die aandete voor te berei, gaar te maak en te berg. Verduidelik hoe hierdie praktyke risiko's verminder wat verband hou met voedsel-oordraagbare siektes en voedingsgehalte verseker vir mense met gekompromitteerde immuunstelsels**.**
- Oorweeg die volgende wanneer jy jou antwoord beplan:
  - Die inligting in die bron.
  - Jou eie relevante kennis.
  - Die rubriek wat verskaf word.

**[20]**

IEB Copyright © 2025 

| | Kriteria | Prestasie-aanwysers | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | **Toepaslikheid en akkuraatheid van inhoud.** | **4** | **3** | **2** | **1** | **0** |
| | | Die inhoud is uiters relevant tot die onderwerp.<br>Geen feitefoute nie.<br>Die gebruik van terminologie is akkuraat. | Die inhoud is meestal relevant tot die onderwerp.<br>Geringe feitefoute.<br>Die gebruik van terminologie is meestal akkuraat. Daar is geringe afdwalings. | Beduidende hoeveelheid inhoud is irrelevant.<br>Party belangrike feite is foutief.<br>Die gebruik van terminologie is gebrekkig. | Meestal irrelevant met sporadiese verbande.<br>Groot feitefoute.<br>Die terminologie wat gebruik word, is dikwels verkeerd. | Die inhoud is heeltemal irrelevant, wat 'n fundamentele misverstaan van die onderwerp toon. |
| 2 | **Beplan 'n voorbeeld-ete wat noodsaaklike voeding-stowwe aan mense met MIV/VIGS verskaf. Verduidelik die belangrikheid van elke voedselitem se voeding-stowwe vir die bestuur van MIV/VIGS.** | **6** | **5–4** | **3–2** | **1** | **0** |
| | | Die antwoord toon 'n deeglike begrip van die onderwerp. Ses toepaslike voedselitems en voedingstowwe vir die bestuur van MIV/VIGS.<br>Geen feitefoute nie. | Die antwoord toon voldoende begrip van die onderwerp. Vyf/vier toepaslike voedselitems en voedingstowwe vir die bestuur van MIV/VIGS.<br>Geringe feitefoute. | Die antwoord toon 'n begrip van die onderwerp. Drie/Twee toepaslike voedselitems en voedingstowwe vir die bestuur van MIV/VIGS.<br>Sommige belangrike inligting ontbreek/ verkeerd. | Die antwoord toon 'n swak begrip van die onderwerp. Een toepaslike voedselitem en voedingstof vir die bestuur van MIV/VIGS.<br>Groot feitefoute. | Beperkte of geen inligting verskaf nie. |
| 3 | **Voedselveiligheidstrategieë: Bespreek veiligheidsmaat-reëls vir die voorbereiding, kook en berging van die ete. Verduidelik hoe hierdie praktyke voedseloordraag-bare siekterisiko's verminder en voedings-gehalte verseker vir diegene met gekompromitteerde immuunstelsels.** | **6** | **5–4** | **3–2** | **1** | **0** |
| | | Die antwoord toon 'n deeglike begrip van die onderwerp. Ses toepaslike voorstelle om voedselveiligheid te bevorder. | Die antwoord toon voldoende begrip van die onderwerp. Vyf/vier toepaslike voorstelle om voedselveiligheid te bevorder. | Die antwoord toon 'n begrip van die onderwerp. Drie/twee toepaslike voorstelle om voedsel-veiligheid te bevorder. | Die antwoord toon 'n swak begrip van die onderwerp. Een toepaslike voorstel om voedselveiligheid te bevorder. | Geen toepaslike voorstelle om voedsel-veiligheid te bevorder nie. |
| 4 | **Kwaliteit van die antwoord.** | **4** | **3** | **2** | **1** | **0** |
| | | Demonstreer 'n duidelike en logiese opeenvolging van idees.<br>Handhaaf 'n duidelike fokus op die onderwerp.<br>Reaksie is samehangend en bondig. | Volg meestal 'n logiese orde met enkele afwykings.<br>Hou oor die algemeen by die onderwerp met enkele tersyde besprekings.<br>Antwoord is meestal samehangend en bondig. | Daar is duidelike inkonsekwenthede in die logiese vloei van idees.<br>'n Mate van relevansie tot onderwerp met sommige irrelevante inligting.<br>Die antwoord het 'n paar foute met betrekking tot duidelikheid. | Ontbreek logiese organisasie wat dit moeilik maak om te volg.<br>Beduidende gedeeltes van die skryftaak bevat irrelevante inligting.<br>Die antwoord is vaag, onduidelik of onsamehangend. | Die antwoord is betekenisloos of irrelevant. |

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2025 

IEB Copyright © 2025

**20 punte**

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2025

**BYKOMENDE SPASIE (ALLE VRAE)**

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER DAT ALLE ANTWOORDE NAGESIEN WORD.**

IEB Copyright © 2025